
# RASIONAAL EN INSTRUKSIES TOT DIE GEBRUIK VAN DIE STUDIEMATERIAAL

**Ten volle op CAPS toegepas om die onderwyser se werkslas te verlig en leerders se studietyd te vergemaklik, klastyd te verryk en te verlekker.**



## AGTERGROND

Ek het my BSc Graad en  NGOS voltooi deur NWU-Potchefstroom en dit met onderskeiding verwerf. Ek is tans ‘n gekwalifiseerde Toerisme-onderwyseres, maar min het dit beteken toe dit by al die verskillende leerders kom wat voor my in die klas sit. Sommiges het meer behoeftes as ander, party worstel met gedragsprobleme, ander is aandagafleibaar en die rolmodelleerder smag na stimulasie. Op ‘n manier moes ek ál hierdie leerders akkommodeer en vir hul almal iets na die tafel bring.

Tydens my onderwysloopbaan het ek verder studeer en my Honneursgraad in Kurrikulumontwikkeling met onderskeiding geslaag en die saad vir die ontwikkeling van hierdie boek is geplant. Die onderwys-realiteite en my passie vir opvoeding en reis het my uiteindelik inspireer om daadwerklik te werk om van hierdie gids ‘n realiteit te maak.

Ek het sewe jaar gelede begin om studiemateriaal te ontwerp wat inklusief is en wat alle leerders kan akkommodeer. Deur die jare het ek aan die materiaal geskaaf en skuur totdat dit in die kol was. Die inhoud is die afgelope drie jaar getoets om seker te maak dat dit wat hierin is, haalbaar is en werklik tot nut van elke leerder en onderwyser, wat dit gebruik, is.

## WAAROM?


- Om die toerismeonderwyser te voorsien met hoë gehalte studiemateriaal wat waardevol is in terme van besparing van tyd en geld aangesien die skool vir die hele jaar geen afrolwerk aan te gaan nie.
- Ten volle op die CAPS-kurrikulum gefokus.
- GEEN ekstra werk vir onderwyser nie.
- Bevat  ALLE inhoud deur middel van werkkaarte wat leerders voltooi soos wat die onderwyser die les behandel.
- ‘n Opsommende weergawe fokus op die belangrikste kernfeite en vergemaklik die leerproses.
- Alle lesse word op PowerPoint saam met die boek aan die onderwyser verskaf teen ‘n minimale koste.
- Klaswerkaktiwiteite na elke afdeling verseker fokus en volgehoue entoesiasme.
- Aktiwiteite fokus op relevante en kwaliteit informele assessering wat leerders deeglik voorberei vir eksamenvrae.
- Werk is op alle vlakke van Blooms se taksonomie opgestel.
- Klastoetse met die korrekte antwoorde word na elke les op PowerPoint voorsien om leerders deurlopend na elke les te assesseer.
- Dis modern, gebruikersvriendelik en informatief.
- Vakgerigte studiewenke en -metodes help leerders om meer effektief en makliker te kan leer.
- Dit is al vir drie jaar in gebruik en getoets en DIT WERK!
- 100% slaagsyfer en jaarliks tientalle onderskeidings vir afgelope 7 jaar.
- Baie prente en ekstra inligting in ‘n volkleur boek saamgestel om die leerproses van leerder te verlekker.

## DOEL


Ten volle op CAPS toegepas om die onderwyser se werkslas te verlig, leerders se studietyd te vergemaklik en om klastyd te verryk en te verlekker. Leerders het een boek wat gebruik word om alle werk op te som en vanuit te leer.

## HOE LYK DIT?

**Volledige boek gebind**




**Kwartaallikse Inhoudsopgawe**





**Werkkaarte**

(Leerders voltooi tydens les)




**Huiswerkopdragte**



**Onderwyser-terugvoer**

(Maklik om werk na te sien – omkring relevante opsie in leerder se boek)




**Voorsiening vir Klastoetse**




## LEERDERS SE OPINIE

*Zoë van der Merwe* : " ... dis 'n opsomming en maklik verstaanbaar en maklik om vanuit te leer en dit mors nie tyd in die klas nie en is baie beter as 'n leë skrif. Dit help om tasse ligter te maak want ons het net die een boek nodig. Die vrae het my baie gehelp om vir eksamens voor te berei. As ek kon kies, sou ek vir elk vak 'n handleiding wou hê omdat dit die leerwerk minder, makliker en vinniger maak."

*Reagan van Aardt* : " Wat ek daarvan hou is dat ek maklik dele kan opvang indien ek afwesig was, omdat almal in dieselfde formaat en op een konstante pas werk. Die handleiding elimineer die behoefte om verskeie boeke saam te dra, omdat als in een boek saamgevat is. Die nuutste inligting is in die boek – sommige handboeke is al verouderd. Die prente wat by die werk ingesluit is help om konsepte beter te visualiseer en te verstaan. Dit stel leerders in staat om hulself uit te druk omdat dit die boek is wat leerders kan hou en skryf en versier soos hul wil."

# GEBRUIKERSRIGLYN

**Verskeie ikone / sleutels word regdeur die boek gebruik:**

| **Klastoetse** | **Breinkos (ekstra inligting)** | **Klaswerk / Huiswerk** | **Onderwyser - terugvoer** |
|---|---|---|---|
|  |  |  | <br> |
| Leerders weet waaroor om voor te berei – tema staan bo-aan elke klastoetsbladsy met 'n punte-blokkie wat direk na elke hoofstuk voorkom.<br><br>Spasie vir klastoets na elke les wat dien as informele assessering.<br><br>Maats merk mekaar se werk en maak regstellings.<br><br>Help om leerders se vordering te meet en rekordering kan gehou word van punte indien onderwyser sou wou.<br><br>Volledige klastoetse en memo's word saam met pakket op PowerPoint verskaf. | Addisionele informasie wat nie noodwendig deel vorm van die CAPS nie, maar die belangstelling prikkel en tot selfstudie lei.<br><br>Interessante feite.<br><br>Hoër kognitiewe ontwikkeling.<br><br>Verbreed leerder se algemene kennis.<br><br>Vorm nie deel van informele of formele assessering word nie, maar verryk en begeester. | Word deurlopend gebruik sodat die onderwyser en leerder die les se inhoud kan toepas op 'n kort, maar kragtige, werkstuk.<br><br>Onderwysers kan dit in klastyd saam met die leerders voltooi of vir 'n huiswerkoefening gee.<br><br>Fokus op verskeie vlakke van Bloom se taksonomie om leerders gewoond te maak aan die korrekte en doelreffende beantwoording van eksamenvrae. | 'n Sleutel wat by elke huiswerk-opdrag in die boek verskyn sodat die onderwyser maklik kan terugver gee oor die kwaliteit van die leerder se werk.<br><br>Soms is huiswerk gedoen maar afgerammel en irrelevante antwoorde is geskyf. In die geval sal die oranje/ geel gesiggie omkring word.<br><br>'n Goeie poging wat relevant en korrek is, kry 'n groen gesiggie.<br><br>Werk wat nie gedoen is nie, laat gevaarligte flikker en kry 'n rooi gesiggie. |

## HOE BESTEL EK?

- Stuur 'n e-pos na toerismenotaboek@gmail.com om alle gratis materiaal te ontvang.
- 2020: Een les per kwartaal sal gratis per e-pos uitgestuur word, sodat u self kan besluit of hierdie boek, lesbeplanning en werkkaarte aan u vereistes voldoen. Indien wel, is boeke per bestelling beskikbaar vir 2021.
- Indien u tevrede is, kan die skool 'n bestelling plaas teen Augustus 2020.
- **Dit is wel belangrik om voor 5 Junie 2020 die aanlyn vorm te voltooi vir 'n tentatiewe getalopname om eenheidskostes te kan bepaal en skole wat hierop reageer sal eerste in lyn wees om boeke te ontvang aangesien daar slegs 'n beperkte hoeveelheid gedruk gaan word. Die boek sal ongeveer R240-R290 per leerder beloop. Finale kostes sal teen Julie 2020 beskikbaar gestel word.** (Op maksimum koste beloop die boek R72,50 per kwartaal per leerder en is dus 'n baie goeie prys aangesien die skool geen meer afrolonkostes hoef aan te gaan nie en die leerder is toegerus met 'n volkleur boek met al sy werk van die jaar in een boek saamgestel.)
- Die bestelling sal betyds by u skool afgelewer word in Januarie 2021.
- Die leerders van u skool koop hul eie werksboeke, aangesien dit boeke is waarin hulle notas maak en gebruik om uit te leer. U kan die boek aan u leerders teen enige bedrag verkoop om sodoende vir die skool wins te maak wat weer gebruik kan word om minder bevoorregte leerders in die skool te subsidieer of om ander studiemateriaal aan te koop.
- Die finale prys van die werkboek sal teen Augustus 2020 bekendgemaak word en kan van R240 – R290 per boek beloop, afhangende van die grootte van bestelling.
- 'n 30% deposito sal vereis word om u bestelling te verseker wat alreeds teen einde Augustus betaalbaar sal wees aangesien die boeke in September gedruk word. Die volledige bedrag sal dus vereffen word vir aflewering in 2021.
- Alle elektroniese lesbeplanning; PowerPoint-lesaanbiedings, klastoetse en memo's is elektronies beskikbaar vir onderwysers om te gebruik. Indien die skool van die PowerPoint lesaanbiedinge gebruik maak – sal dit ook deur ons opdateer word soos tyd verloop en onderyswers sal dus deurlopend al die nuutste inligting op skyfies ontvang deur die jaar, wat beteken dat alle voorbereiding vir die onderwyser gedoen word. Gratis lesse en werkkaarte vir die gebruik in 2020 alreeds uitgestuur en aanlyn lesse beskikbaar op YouTube om te gebruik saam met gratis werkkaarte wat verskaf word.

## INLIGTING



**Kontak ons by:** toerismenotaboek@gmail.com

**Facebook Blad:** "Toerisme Studiegidse en Studiemateriaal"

**Publiseerder / Uitgewer:** Corals Publishers

**Saamgestel deur:** Annelize Jonker

**Beskikbaar vanaf:** 2021 (Slegs Afrikaans)

**Vak en grade beskikbaar:** Toerisme - Graad 10, 11 en 12

